## Die wese van Elohim en Sy menswording

**74** Zorel sê: "Dit sê: 'Zorel kán alles as hy dit as die egte en ware Zorel wíl', en hy wil dit nou, dus sal dit ook sekerlik gebeur! As ek maar `n paar weke by jou kon gebly het, dan sou dit wesenlik makliker en vinniger kon gaan!"

[2] Johannes sê: "As jy volkome ernstig is om `n beter mens te wil word, dan sal jy wel in die geselskap van manne vertoef wat ewe sterk is as ons wat in die onmiddellike omgewing van die groot en lewende Lig uit Elohim is!"

[3] Zorel sê: "Wat en wie is dan eintlik julle God, wat julle Judeërs ‘die God van Abraham, Isak en Jakob' noem?"

[4] Johannes sê: "Dié vraag sal jy, as jy één geword het in jou innerlike lig, helder en duidelik beantwoord vind, net soos wat ons dit gevind het. As ons nou egter sou probeer om jou dit van naderby uit te lê, sal jy ons in jou dag des lewens nie verstaan nie. Vooraf mag jy egter wel weet watter begrip `n ware mens hom van God/Elohim moet maak, luister dus!

[5] Die waaragtige en enige Elohim is in Homself die ewige, suiwerste Gees, wat die hoogste graad van selfbewussyn besit en die hoogste en verligste wysheid het, en so `n onwrikbare Wil, dat niks daarvoor onmoontlik is nie.

[6] Elohim is die Woord en die Woord self is Elohim. Hierdie ewige Woord het nou vlees geword en het in die wêreld ingekom na hulle wat Syne is, maar hulle het nie die Lig herken wat daardeur in die wêreld gekom het nie. Daarom sal hierdie Lig van die kinders af weggeneem word en aan die heidene gegee word. Want die heidene soek nou die waarheid, die kinders van die lig ontvlug haar egter soos wat erge misdadigers die oordeel ontvlug. Daarom sal sy van die kinders afgeneem word en aan die heidene gegee word, wat nou juis die geval is en wat gebeur.

[7] Want die kinders van die oerstam van die Lig woon in Jerusalem, hulle verwerp die Waarheid uit Elohim en heg hulle steeds meer aan die nag, die leuen en hulle ligsinnige werke. Maar die heidene trek deur die wêreld en soek die Waarheid, en as hulle Haar gevind het, verheug hulle hulleself baie daarin en prys die Gewer van die Lig uitermate en waaragtig in hulle harte en deur hulle dade.

[8] As jy hier om jou heen kyk, sien jy `n groot groep mense. Vir die grootste deel bestaan hulle uit heidene wat die Lig uit die hemele gesoek het. Hulle het Hom gevind en verheug hulle daaroor. Maar Jerusalem, die stad van JaHWeH, stuur slegs geregsdienaars en agtervolgers om die Lig te vernietig! Hulle wat uitgestuur word, was egter verstandiger as die wat hulle gestuur het. Hulle het uit hulle groot duisternis in die Lig gekom, verheug hulle baie daaroor en bly daarin. Hulle het die Lig wel gevange geneem, maar nie vir die kerkers van Jerusalem nie, maar vir hulleself, vir hulle harte, en hulle is nou ons broers in die Lig uit Elohim, en verheug hulle daaroor en oor Hom van wie die groot Lig uitgaan.

[9] Jy het hierheen gekom as heiden, weliswaar nie om die lig vir jou lewensnag te vind nie, maar goud en silwer. Maar wie uit die kerkers in die sonlig kom, sal nie maklik kan keer dat hy beskyn word nie. En so gaan dit met jou hier. Ook al het jy nie die lig gesoek nie, tog word jy nou beskyn omdat jy in die sonlig gekom het, dit wil sê nie in die lig van die natuurlike son wat nou net met die ondergaan die horison raak nie, maar in die Lig van die geestelike son, wat die oneindigheid verlig met alle Wysheid, sodat alle wesens wat tot denke in staat is vanuit hierdie Lig kan dink en wil, sowel op hierdie aarde asook op tallose ander wêrelde waarmee uit Elohim die eindelose ruimte vervul is.

[10] Laat hierdie lig daarom deur jou heen skyn, waarvan jy nou `n bietjie begin te voel dat dit deur jou binneste skyn, dan sal jy deur die kleinste vonkie van hierdie lig meer gelukkiger word as wanneer jy alle skatte van die aarde sou besit. Soek nou self die ware ryk van die waarheid, en al die ander sal jou verniet daarmee saam gegee word en jy sal aan niks gebrek hê nie!"

## Cyrenius ontferm hom oor Zorel

**75** Zorel sê: "Vriend, jy het gelyk: ‘Wat die mens in duisternis geniet, het geen waarde nie!’ Dat ek in `n diepe geestelike nag leef, merk ek nou self op; want jou woorde het my, ondanks hulle geheimsinnige klank, `n egte, groot verligting gegee en dit skenk my nou reeds baie vreugde. Maar, as jy by Cyrenius ook iets in te bring het, vra hom dan of hy nie vir my ten minste `n bietjie beter mantel wil gee nie; want in julle geselskap kan ek my in hierdie vodde nie meer vertoon nie. Cyrenius sal tog wel die een of ander ou, afgeleefde bediendemantel hê!"

[2] Cyrenius roep een van sy dienaars en sê: "Hardloop gou na ons bagasie toe en gaan haal `n goeie hemp, `n toga en `n Griekse mantel!"

[3] Die dienaar gaan en bring die gevraagde.

[4] Cyrenius roep vervolgens vir Zorel en sê: "Hier, neem die gewaad, gaan êrens agter die huis en verklee jou!"

[5] Zorel aanvaar dankbaar die gewaad, gaan daarmee agter die huis van Markus in, klee hom, en sien dan heel vernaam daaruit.

[6] Binne enige oomblikke is Zorel weer by ons en sê vir Cyrenius: "Geëerde meester! Nie meer ons waardelose gode nie, maar die Een, ware en ewig lewende Elohim beloon u! U het nou `n naakte, arm mens beklee, en dit is `n edele werk, wat ek glad nie

werd is nie! Maar soos daar `n waaragtige, almagtige en wyse Elohim is wie se kinders, of ten minste wie se werke ons almal is, wat ons ook met weldade oorlaai wat ons nie werd is nie, en waarvoor ons Hom ook maar net kan dank en verder niks nie, so staan ek nou ook voor u, geëerde meester en gebieder: 'Uit die diepste van my hart kan ek u slegs dank en niks verder doen nie!' As u my egter as één van u minste dienaars wil aanneem, dan skenk ek u daarvoor my landerye!"

[7] Cyrenius sê: "Jou stuk grond is nie joune nie, maar die een s`n met wie se geld jy dit gekoop het. Daarom sal ons dit verkoop, aan die besitter of sy kinders die geld oorhandig en eers dan kan jy my dienaar wees!"

[8] Zorel sê: "Geëerde meester en gebieder! U wil is wet! Alles van u is genade vir my, maar laat my asseblief nie alleen nie, en neem my in u diens! Soos wat ek my ou vodde vir altyd uitgetrek het, so sal ek ook my slegte, ou mens afdank en `n heel ander mens word! Dit kan u van my aanneem! So sleg as wat ek was, so goed wil ek weer word, om gedurende die oorblywende tydperk van my lewe, dit wat ek aan almal kwaad gedoen het, enigsins goed te maak.

[9] As ek ooit `n mens kon ontmoet het wat my oor reg en onreg so goed voorgelig het soos dié Johannes daar, dan sou ek nooit so diep in alle sonde ingesink het nie; maar nou moes ek altyd na my eie verstand vir raad gaan! Hoe ver ek dit egter met my groot intelligensie gebring het, weet u, en ek hoef nie vir u my groot skande weer te herhaal nie. Verleen my daarom van nou af aan barmhartigheid en medelye, want in die vervolg sal u geen geleentheid meer kry om ontevrede oor my te wees nie. Ek besit verskeie vaardighede en ek is baie ervare in skryf en reken, en die geskiedenis van die volkere tot op hede is nie aan my onbekend nie. Alles van Herodotus* is ek mee vertroud; ook die kronieke van die Judeërs, Perse en die ou Babiloniërs is nie aan my onbekend nie. Daarom sal u my wel êrens kan gebruik." *(* Griekse geskiedskrywer)*

[10] Cyrenius sê: "Daaroor sal ons wel later praat. Gaan nou egter weer na jou vriend Johannes toe terug en laat hy jou die ware weg toon! Wanneer jy dit het, dan sal al die ander nie lank op hulle laat wag nie!"